

Hoofstuk van die dag: Psalm 16

> *U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap. Uit u hand kom net wat mooi is. (Ps 16:11)*

Oorvloedige blydskap by God. Dít is mos die evangelie! Dít is waarvan Christus ons verseker in sy laaste woorde in Matt

28:20, net voor Hy hemel toe is: “Onthou, *Ek is by julle* al die dae …” – By ons om ons te leer, die pad te wys, die koers aan te dui, rigting te gee, soos die digter in vers 11 sê: “U leer my hoe om te lewe”; maar ook om ons te beskerm (vers 10). Hy maak dat ons veilig is, Hy hou ons vas wanneer ons siek is, wanneer ons finansies druk, wanneer daar spanning in die huwelik is, as ek nie meer raad weet met my opstandige kind nie, as dinge by die werk of die skool net nie wil uitwerk nie, dan is Hy daar om te sorg, te beskerm – ook dán kan ons weet: Die lewende Here is by my! Ook vir die sorge van elke dag, vir kos en klere en huis en werk, ook hiervoor sorg die Here, soos Hy vir die digter gesorg het in sy nood.
Dis mos rede om te juig en bly te wees!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026